GELDEENHEID TER WAARDE VAN R2 MILJOEN BY KAAPSTADSE INTERNASIONALE LUGHAWE GEKONFISKEER

Kaapstad, 12 Mei 2018 – Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het $156 850 (nagenoeg R1 946 802) versteek in die bagasie van ‘n Suid-Afrikaanse man, onderweg na Dubai, by Kaapstadse Internasionale Lughawe gekonfiskeer.

Na ‘n waarskuwing van doeane-beamptes by OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA), is die man deur lede van die doeane-speurhondeenheid by Kaapstad aangekeer net voor hy aanboord die vlug na Dubai kon gaan.

Een van die speurhonde het positief op die bagasie gereageer, waarna die bagasie oopgemaak en deursoek is. Doeane-beamptes het daarmee tien pakkies met geldeenheid tussen sy klere ontdek.

Die saak is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) oorhanding vir verdere ondersoek.

“As gevolg van ons saamgestelde bedrywighede, is die moontlike smokkeling van geldeenheid suksesvol deur ons beamptes bespeur,” het Uitvoerende Hoof van Doeane en Aksyns Teboho Mokoena gesê. “Ons het onlangs agterkom dat passasiers wat gewoonlik ORTIA gebruik om geldeenheid te smokkel, begin het om deur ander lughawes om te stuur. Dit is waarom dit belangrik is dat al ons eenhede saamwerk om dit te verhoed. Ek wil graag die samewerking tussen die verskillende eenhede binne Doeane, wat tot die suksesvolle aankering gelei het, aanprys.”

Om foto’s te sien, klik hier.